

# DIE DERDE BRIEF VAN JOHANNES

## Inleiding

Soos by *2 Johannes*, stel die skrywer van hierdie brief homself as “die Oudste” bekend, 'n benaming wat waarskynlik na die bejaarde apostel Johannes verwys. As gevolg van hierdie en ander ooreenkomste, word daar wyd aanvaar dat hierdie brief, net soos *2 Johannes*, tussen 85 en 95 nC deur die apostel Johannes in Efese geskryf is. Die teorie dat 'n sekere ouderling Johannes hierdie briewe geskryf het, geniet tog redelike steun.

Hierdie kort briefie, wat die tipiese trekke van die eerste-eeuse briefstyl vertoon, word gerig aan 'n persoon met die naam Gaius (vs 1), klaarblyklik 'n gewaardeerde gemeentelid (vs 1-3), wat in staat was om besoekers te huisves (vs 5-8). Die brief bevat raad aan Gaius oor 'n baie praktiese aangeleentheid, naamlik die betoning van gasvryheid aan rondreisende predikers, en betreur die optrede van Diotrefes in hierdie verband.

Net soos in die ander briewe van Johannes, kom die woord “waarheid” herhaaldelik in *3 Johannes* voor (vs 1,3,4,8,12). Deur predikers van die waarheid in liefde te ontvang en te help, word gelowiges medewerkers van die waarheid (vs 5-8).

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1 Briefaanhef

2-4 Voorbidding en blydskap

5-8 Gaius se gasvryheid

9-12 Optrede van Diotrefes en Demetrius

13-15 Mededelings en groete

# 1

<sup>1</sup> Die Oudste<sup>a</sup>

aan<sup>b</sup> die geliefde Gaius, wat ek in die waarheid liefhet.\*

## Voorbidding en blydskap

<sup>2</sup> Geliefde, ek bid dat jy gesond mag wees en dat dit in alle opsigte met jou goed mag gaan, soos dit met jou siel<sup>c</sup> goed gaan. <sup>3</sup> Want ek was baie bly toe hier broers<sup>d</sup> kom en oor jou waarheid getuig, hoe jy die pad van waarheid loop.\* <sup>4</sup> Groter blydskap as dit het ek nie, dat ek hoor dat my kinders die pad van waarheid loop.

## Gaius se gasvryheid

<sup>5</sup> Geliefde, jy tree getrou op in wat jy ook al vir die broers<sup>e</sup> doen, en dít terwyl hulle vir jou •vreemdelinge is. <sup>6</sup> Hulle het voor die •gemeente van jou liefde getuig. Jy sal goed doen as jy hulle voorthelp op 'n manier wat God waardig ag.\* <sup>7</sup> Want ter wille van die Naam het hulle uitgegaan, sonder om iets van die heidene te ontvang.\* <sup>8</sup> Ons behoort sulke mense

---

<sup>a</sup>**1 Oudste:** 'n Liefdevolle, eerbiedige bynaam vir Johannes op sy oudag. Word ook vertaal met “ouderling”.

<sup>b</sup>**1 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

\***1 ek ... liefhet:** 2 Joh vs 1

<sup>c</sup>**2 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

<sup>d</sup>**3 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

\***3 die pad ... loop:** 2 Joh vs 4

<sup>e</sup>**5 broers:** Vgl voetnoot in vs 3.

\***6 Jy ... ag:** Tit 3:13

\***7 sonder ... ontvang:** 1 Kor 9:12,15

daarom goed te ontvang, sodat ons medewerkers van die waarheid kan wees.

### **Optrede van Diotrefes en Demetrius**

<sup>9</sup> Ek het hieroor aan die gemeente geskryf, maar Diotrefes, wat graag die belangrikste onder hulle wil wees, gee nie aan ons erkenning nie.

<sup>10</sup> Daarom sal ek, wanneer ek kom, julle herinner aan die dae wat hy doen. Hy versprei slegte stories oor ons, en asof dit vir hom nie genoeg is nie, ontvang hy self die broers<sup>f</sup> nie goed nie. Boonop verhinder hy ook nog diegene wat dit wil doen en dryf hulle uit die gemeente uit.

<sup>11</sup> Geliefde, moenie die kwaad navolg nie, maar die goeie. Wie goed doen, is uit God;\* wie kwaad doen, het God nie gesien nie.\* <sup>12</sup> Oor Demetrius is deur almal positief getuig, ook deur die waarheid self. Ook ons getuig, en jy weet dat ons getuienis waar is.\*

### **Mededelings en groete**

<sup>13</sup> \*Ek het baie dinge gehad om aan jou te skryf, maar wil dit nie met rietpen en ink vir jou skryf nie. <sup>14</sup> Ek hoop egter om jou gou te sien, en ons sal van aangesig tot aangesig praat.\*

<sup>15</sup> Vrede vir jou. Jou vriende stuur vir jou groete. Groet die vriende by die naam.

---

<sup>f</sup>**10 broers:** Vgl voetnoot in vs 3.

\***11 Wie goed ... uit God:** 1 Joh 2:29; 3:6,9

\***11 wie kwaad ... gesien nie:** 1 Joh 3:6,10

\***12 ons getuienis ... is:** Joh 19:35; 21:24

\***13** 2 Joh vs 12

\***14 ons ... praat:** Num 12:8; 2 Joh vs 12